# Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

4 Oktober 2024 Uitgawe: 1/4/2024

## UIT DIE KANTOOR

Baie welkom terug aan al ons Tjokkie-leerders en ouers na die kort vakansie. Na die onverwagte koue, het die skool stadig maar seker hierdie week aan die gang gekom. Die kwartaal is egter weer propvol met baie dinge wat in 'n kort tydjie afgehandel moet word.

Die buitemuurse program skop die komende week af met heelwat krieket- en tenniswedstryde wat gespeel gaan word. Verder word daar ook reeds met vaardigheidsoefeninge begin in netbal en hokkie met die oog op voorbereiding vir volgende jaar. As gevolg van die krieketwedstryde sal die rugby se vaardigheidsoefeninge eers vanaf 15 Oktober begin.

Daar is ook nog heelwat optredes vir ons junior en seniorkore, asook optredes van die pom-poms en ritmegroep wat gaan plaasvind.

**Rapporte:**
Die leerders het reeds einde verlede kwartaal hul verslae ontvang. Daar is nie hierdie kwartaal 'n amptelike oueraand nie, maar ouers kan gerus 'n afspraak maak met enige van u kinders se vakonderwysers indien die behoefte ontstaan om enige akademiese aangeleentheid met die onderwysers te bespreek.

Daar sal in die laaste kwartaal slegs 'n eksamen geskryf word. Die rooster van hierdie eksamen sal spoedig aan u beskikbaar gestel word, sodat u saam met u kind betyds kan begin voorberei. Eksamen begin reeds op 11 November vir ons Gr. 7-leerders.

**Sport:**
Tydens die afgelope vakansie het Tjokkies weer 'n suksesvolle o/11 krieketoernooi aangebied. Baie dankie aan ATON Finansiële dienste wat hierdie geleentheid vir ons geborg het. Baie dankie aan elke speler, ouer en onderwyser wat gehelp het om hiervan 'n sukses te maak.

**Prysuitdeling:**
Vir hierdie geleentheid trek ons vanjaar 'n nuwe baadjie aan. Hierdie geleentheid vind vanjaar oor drie aande plaas. Ons het agtergekom dat tydens so 'n geleentheid die aande baie lank kan raak en dat daar tydens ons spesiale toekennings baie min mense nog in die saal is. Daarom vind die prysuitdelings soos volg plaas:

| | |
|---|---|
| Maaandag, 4 November: | Voortrekker Prysuitdeling |
| Dinsdag, 5 November: | Gr. 4/5 Prysuitdeling |
| Woensdag, 6 November: | Gr. 6/7 Prysuitdeling |
| Donderdag, 7 November: | Grondslagfase Prysuitdeling |

Hiermee wil ons poog om te sien of die programme nie reeds teen 20:00 afgehandel kan wees nie nie.

**Ontwikkeling van sportterrein:**
Soos ouers seker opgemerk het, is die huise langs die skool die vakansie gesloop en begin die projek nou momentum aanneem. In die komende week word die fondasies verwyder en gaan daar begin word om die terrein gelyk te maak. Dit gaan beteken dat hier baie groot konstruksievoertuie en vragmotors op die terrein gaan beweeg. Vir veiligheid wil ons nie die kinders daar naby laat kom nie en gaan dit beteken dat leerders tydens pouses op ander areas moet speel. Help ons asb. om u kind te leer om nie in areas te kom wat vir hul gevaarlik is nie.

Indien daar ouers is wat 'n finansiële skenking kan maak ten opsigte van diesel, vulgrond/boelie, ens. sal ons dit baie waardeer. Kontak asb. vir mnr. Antonie Botha in hierdie verband.


Ondersteun ook asb. ons *"Grass-hopper"* projek waar u 'n blok gras teen R35 p/blok kan koop. Dit is op ons Karri-toep beskikbaar.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 4 Okt.: | Pom-pom en Ritmegroep optrede (Univ Rif) |
| 5 Okt.: | Ritmegroep optrede (Ooshoek Gemeente) |
| 6 Okt.: | GSF en Senior Kooroptredes (NG Kerk Pellissier) |
| 7 Okt.: | o/9 Krieketliga (sien bepalings) |
| | o/11 Tennisliga vs Flamingo (dogters) |
| 8 Okt.: | o/11 Krieketliga (sien bepalings) |
| 9 Okt.: | o/11 Tennisliga vs Trompsburg en PBS (seuns) |
| 10 Okt.: | o/13 Krieketliga (sien bepalings) |

## VERJAARSDAE

| | |
|---|---|
| 5 Okt.: | Hennie Greyling (Terreinbestuurder) |



# ANDER

**Personeel:**

Graag verwelkom ons juf. Leonie Corbett terug na 'n lang afwesigheid waar sy intense behandeling moes ondergaan. Ons is saam met haar dankbaar teenoor ons hemelse Vader dat sy sodaning herstel het om haar werksaamhede by die skool te hervat. Juf. Leonie sal vir die res van die jaar die Gr. 6 Engels behartig.

# UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Die nuwe sportgronde kort GRAS vir ons kaalvoet-leerders wie die skoene van die toekoms moet volstaan:

Kom help om hierdie 6 000 m² vol te maak. Koop per Karri en onthou:

*Kyk volgende week uit vir "aas"*

*Iewers op die "Tjokkie-plaas"*


*Sien julle ook uit na 'n nuwe grasperk?,*

*Ons gaan nog baie hard moet werk!!!*

Onthou daar is klaspryse – wie koop die meeste gras en die "kopers" kan ook groot pryse wen!!!!!!!

Het jy al jou kaartjie?

Kontak Suzane!!!



**SPREUKE 4:23 AFR83**
[23] Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe.

Ek lees vanoggend 'n oordenking oor hierdie vers in Spreuke 4 en kom tot die besef dat hierdie opdrag in die Here se woord nie elke dag so maklik is nie.


As ek kyk wat sommige dae in my eie hart en gedagtes omgaan wanneer die lewe se storms gebeur, wanneer mense my ontstel en teleurstel of wanneer dinge wat al lank vooruit beplan is net nie wil vlot nie, besef ek dat dit slegs die Heilige Gees is wat ons kan help om ons harte en gedagtes te rig op die dinge wat regtig van waarde is. Kolossense sê dit so mooi:

**KOLOSSENSE 3:2-3 AFR83**
[2] Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie, [3] want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God.

Ek wil julle dus aanmoedig om hierdie laaste kwartaal van die jaar 'n nuwe voorneme te maak en die Here se hulp te vra om julle harte en gedagtes te kom rig soos wat Fillipense 4:8 ons herinner.

**FILIPPENSE 4:8 AFR83**
[8] Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle gedagtes rig.

**Gebed:**
Here, hierdie is 'n besige en vol kwartaal. Dankie dat U ons reeds gelei en gedra het tot hier. Wil U ons asseblief deur U gees kom help om ons gedagtes te rig op die goeie en op die dinge wat vir U belangrik is en tot U eer is. Amen.


Kia Sonet
The best just got better.
SONET GP
0% Deposit, 0% Balloon from
R 4 699pm
On a step payment plan
Ts & Cs apply. E & OE.
Kia Bloemfontein
52 Zastron Street
051 403 4200


VOLVO
Experience the power of innovation
in the new Volvo XC40 Mild Hybrid
and get R40 000 assistance
Volvo Cars, 52 Zastron St,Bloemfontein Central, Bloemfontein, 9301, Free State I 051 403 4200
www.bloemfontein.volvocars.co.za


BLOEM
PRETORIA
WITBANK
KIMBERLEY
WELKOM
impa.co.za
info@impa.co.za
051 432 8913
Inspired
SABS
ISO 9001
SAPMA
45 Years
of local excellence
impa®
PAINTS


150 Oliver Tambo Road, Oranjesig, Bloemfontein
www.bloemfonteinmotors.co.za | 082 446 2174
BLOEMFONTEIN
MOTORS